

10 Junie 2 Korintiërs 12:1-10, (Teks: 12:9, 10)

Wanneer u swak in uself is, is u op u sterkste in Christus

In gister se dagstuk het u geles dat Paulus 'n doring in sy vlees gehad het wat hom baie gepla het. Hy het ernstig tot die Here gebid, maar die Here se antwoord was: "*My genade is vir jou genoeg!*". Vandag wil ons aan die res van daardie sin: "*want my krag word in swakheid volbring*" asook die laaste deel van vers 10: "*... om Christus wil, want as ek swak is, dan is ek sterk*" aandag skenk.

Die doring in Paulus se vlees het hom afgetakel. Dit het hom liggaamlik en geestelik moeg gemaak. Hy was menslik moeg en moedeloos. **Die Here bring hom egter tot die insig dat, waar hy dink baie swak is, is hy vanweë die genade in Christus eintlik op sy sterkste.**

In u lewe is daar ook baie dinge wat u uitput en moeg maak sodat dit voel of u in sak en as wil gaan sit. U dink dalk: Ek is te swak om voort te gaan, ek kan nie meer nie. Ons Hemelse Vader wil egter juis hê dat u die punt in die put moet bereik sodat u die enigste weg sal opgaan. Die weg is: "Here, help my! Here my finansiële probleme wen my, my siekte wen my, my huwelik wen my, my gesin wen my, my skoolwerk wen my, my werk wen my. Ek kan nie meer nie".

Weet u, u is reg, u kan nie meer nie, want uit uself was dit nog nooit moontlik nie. U het nou deur die werking van die Heilige Gees 'n punt bereik waar u op u swakste is. Nou kom die openbaring van God ter sprake. Nou is u op u sterkste. Nou beseft u dat u genade kry. Nou weet u dat Jesus Christus vir u gesterf het. Nou maak u ten volle staat op God. Drie-enig; op God die Vader se liefde, op God die Seun, Jesus Christus se genade en op die werking van God die Heilige Gees wat my aan die hand vat.

Bid daarom: O Vader, ek is nou op my swakste in my self, maar ek dank u, nou is ek op my sterkste in Christus!

Sing: Psalm 105:5

Ds. J. van Schaik (Ermelo)